

Ds. A. W. C. Bester
Warmbad
3 Julie 1969

Onderwerp: Ons Vader in die Hemel

Lees: Matthéüs 6 verse 5 tot 15

Teks: Matthéüs 6 vers 9

Sing: Psalm 23
Psalm 33 vers 11
Psalm 116 verse 1 en 9

“Gedurende ’n oorlog het mens meermale gehoor van ’n vader wat jare lank van sy huisgesin geskei was, omdat hy in die buiteland moes veg; en dat sy kinders hom met sy tuiskoms nie meer herken het nie. Waar die moeder die kinders moes aanspoor om die besoeker te groet, want dit was immers hulle vader. Wat ’n pynlike ontmoeting moet dit wees.

“Ook in vredestyd vind mens sulke wanverhoudings. Daar is baie kinders wat nie weet wat vaderliefde beteken nie. Vir hoeveel kinders is die verskyning van hulle vader ’n verskrikking. Hoeveel is daar wat soos kuikens by die verskyning van ’n valk uitmekaar spat om veiligheid te soek as hul vader opdaag, omdat hulle hom net ken as ’n man van geweld en liefdeloosheid?

“So ’n wanverhouding bestaan daar inderdaad in ’n veel groter mate tussen die moderne mens en God - tussen skepsel en Skepper. Die moderne mens ken sy eie Hemelse Vader nie meer nie. As die Vader opdaag, kan hulle weens skaamte nie die hand uitsteek nie. Hulle het Hom miskien nog nooit geken nie; óf hulle het totaal vergeet dat hulle Hom ooit geken het. God is vir hulle geen Vader nie, maar die groot pretbederwer en rusverstoorder. Hulle vlug as hulle Hom gewaar.

“Jesus Christus leer ons wie God is en wat ons regte verhouding met Hom moet wees as Hy sê: ‘Onse Vader wat in die hemele is.’ (Mat 6:9) In hierdie benaming van God word die intiemste band tussen die mens en God weergegee.

“Die heidene van die ou tyd en die moderne tyd begryp niks hiervan nie. Wanneer die heiden sy god aanroep, wek dit by hom geen vertrouwe en geen kinderlike vrees op nie. Nee, dié godheid is vir die

heiden die groot onbekende, waarna hulle tastend die hand kan uitsteek, maar tog nooit kan vind nie.

“Vir die Fariseërs van Jesus se tyd was God ook ’n vreemde begrip. Alleen die dissipels, die ware gelowiges, het dit verstaan en beleef. Vir die Fariseërs was God só ongenaakbaar heilig, dat geen mens God kon sien en nog lewe nie. Hulle het die naam Vader nie geken nie. Hulle het selfs die naam HERE nie gebruik nie. Dit was vir hulle té heilig en té hoog. God was nie vir hulle die God van naby nie, maar die God van vêr. So vêr en hoog was God vir hulle, dat hulle ander name gesoek het om God mee te eer. Mense wat in naam Christene is doen dit vandag steeds.

“Ook Israel het op ’n afstand van God geleef. Moses het in sy afskeidslid aan sy volk gesê: ‘Durf julle dit die HERE vergelde, o dwase en onwyse volk? Is Hý nie jou Vader wat jou geskape het nie?’ (Deut 32:6) Daar was nie ’n persoonlike en intieme verhouding tussen die Israëliete en God nie.

“Die naaste wat die Ou Testament aan die Evangeliese betekenis kom, kom van Jesaja as hy in hoofstuk 63 vers 16 uitroep: ‘U, o HERE, is ons Vader; ons Verlosser is van ouds af u Naam.’ Alhoewel Jesaja die Evangelie met betrekking tot die liefde van God dieper as enige van die ander profete uitgedra het, het selfs hy nie al die rykdom wat daar skuil in die woorde wat hyself uitgespreek het, geken nie. Daarvoor moes Jesus Christus, die Eniggebore Seun van God, kom om die heerlijkheid van die Vadernaam aan ons te openbaar.

“Reeds in die woordjie ‘Onse’ toon Jesus dat Hy die verbondsgedagte ten volle handhaaf. Daarmee sê Hy: besef tog dat jy een is met ander gelowiges; een is met die groot gesin. Besef tog dat jy nie alleen aan jouself moet dink nie, maar ook aan jou naaste. Ons kan nie by die woord ‘Vader’ kom tensy ons eers die woord ‘Onse’ as ’n lewenservaring oor die lippe laat kom het nie. Daar is geen gemeenskap met God as daar geen gemeenskap met die heiliges is nie. Wie God vind, vind ook die kinders van God. Wie ‘Vader’ sê, sê ook ‘Broers en Susters’. So ontsluit die Onse Vader nie alleen aan ons ’n ryke Hemel nie, maar ook ’n ryke aarde. Daar is vertikaal ’n verhouding met die Vader en terselfdertyd horisontaal ’n verhouding met die medemens.

“Broers en Susters, ken u die rykdom van die naam ‘Vader’? Verstaan u wat Jesus met dié Naam bedoel het? Om dit te verstaan, moet u dink aan wat die naam ‘vader’ onder die mees ideale omstandighede op aarde

beteken. Wie 'vader' sê, sê tegelykertyd: hy het my die lewe gegee. My oorsprong lê in hom, daarom is ek sy kind. Ek is vlees van sy vlees en bloed van sy bloed. Daarom dra ek sy naam en vertoon ek trekke van Hom.

"As ek God 'Vader' noem, dan geld dit nog veel meer. Hy is per slot van rekening my oorsprong. Ek dank my bestaan aan Hom. Paulus het dit reeds op die Areopagus aan die heidene gestel: 'Want ons is ook sy [God se] geslag.' (Hand 17:28) Is dit waar van u en my lewe? Kom hierdie waarheid sigbaar na vore in wat ons sê en hoe ons lewe?

"Maar verder, wie 'Vader' sê, sê ook liefde. Wat doen 'n vader nie alles uit liefde vir sy kind nie? Dat God my 'Vader' is beteken veel meer: dat Hy in liefde en ontferming oor my bewoë is.

"Verder sorg 'n vader. Hoe sal die kind anders bly lewe? Veel meer geld dit van God van wie Petrus sê: 'Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle.' (1 Pet 5:7)

"En nou moet u nie vergeet nie. Op aarde kasty 'n vader ook, natuurlik tot beswil van die kind. Netso kasty God sy kinders met 'n heerlike doel. Wat die snoeimes is vir die boom en die smeltkroes vir die goud, is die Vaderlike kastyding vir God se kinders.

"Daar is nog een aspek in hierdie vergelyking wat genoem moet word. Toe die Verlore Seun teruggekom het, het hy ondervind dat die vader se hart nog altyd brandende was vir hom, al het hy alles deurgebring by sy slegte vriende. Toe hy nog vër was, het sy vader, dieselfde vader wat hy so bedroef het, na hom gehardloop, hom omhels en hom terug verwelkom. Wie 'vader' sê, sê vergewing. En veel meer geld dit van God ten opsigte van sy kinders. Wie sal ooit die vergewende hart van die vader kan peil? Die liefde van die mens is beprek, maar die liefde van God triomfeer oor die grootste afstande en oor die diepste van sonde. Onse Vader vergeef mildelik en oorvloedig. Broers en Susters, verstaan u dit?

"Verstaan u nou wat hierdie naam beteken? Verstaan u wat dit is as Jesus Christus die VADERnaam in ons harte plaas? Hierdie Naam wek by ons kindervertroue. Wat die kind in Jesus Christus se Naam vra, sal hy ontvang. Uit hierdie vertroue word gebed gebore.

"Maar nou kom die vraag of ons swakke, nietige, sondige mense ooit daartoe kan kom om die heilige en verhewe God aan te spreek as 'Onse Vader'? Dan moet ons dadelik byvoeg dat ons Hom nie ons Vader maak

het nie. Ons het Hom nie tot Vaderliefde beweeg nie. Ons is ook nie van nature God se kinders nie. Intendeel, ons is kinders van die toorn. Dat ons God 'Vader' kan noem, kom nie van ons af nie, maar van God alleen. Ons het nie in onself die reg om Hom 'Onse Vader' te noem nie.

"God is ons Vader en ons is God se kinders alleen deur Jesus Christus, wat ons met sy soenverdienste en borgtogtelike lyding vrygekoop het. Slegs hulle wat hul verlossing bekom het in die bloed van Jesus Christus, het die gees van aanneming tot kinders ontvang, deur wie ons kan en mag roep 'Abba, Vader.' Jesus Christus sê: 'niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.' (Joh 14:6)

"Broers en Susters, verstaan u nou? Wie 'Onse Vader' wil bid, kan dit nie doen sonder die Seun nie. Want die Seun het Vaderloos geword, sodat ons kinders van God kan word. En hierby het dit nie gebly nie. Nee, God wederbaar ons, sodat Jesus Christus in ons gestalte kan kry. Hy wek ons op tot 'n nuwe lewe. Hy maak ons slawebande los en trek die besoedelde kleed van die Verlore Seun uit en trek ons nuwe klere aan - die klere van heil en geregtigheid wat sy Seun verwerf het. Dan mag ons bid 'Onse Vader'.

"Maar Broers en Suster, Jesus Christus het toe Hy sy dissipels leer bid het, nog enkele woorde bygevoeg: 'wat in die hemele is'. Hiermee wou Jesus die totale verhewendheid en majesteit van God beklemtoon. God is liefdevolle Vader, maar ook Regter. Ons moet dit nie vergeet nie. Broers en Susters, ons moet waak om nie aards van God te dink nie: 'Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes.' (Jes 55:8,9)

"As ons God in sy verhewendheid en majesteit erken, word dit duidelik dat ons 'n Middelaar nodig het. Dit is Jesus Christus wat hierdie afstand tussen God en ons oorbrug. Daarom kan ons bid: 'Onse Vader wat in die hemele is'.

"God wag op ons. En as ons tuis kom, snel Hy ons tegemoet en dan kan ons maar ons hart uitsnik. Dan weet ons God is: 'Onse Vader wat in die hemele is'.

"Amen."